

# **DIE ONDERRIG VAN DIE JOERNALISTIEK BINNE KOMMUNIKASIEVERBAND**

**ARNOLD S DE BEER**  
M.A. (RAU), M.I.J.(Baylor), D.Phil. (PU vir CHO)

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp van Hoogleraar  
in Kommunikasiekunde aan die Universiteit van  
die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein op  
Donderdag 17 Maart 1983

ISBN 0 86886 168 5

*Geagte meneer die Kanselier,  
meneer die Voorsitter van die Raad,  
meneer die Vise-rector,  
lede van die Raad en die Senaat,  
kollegas,  
dames en here studente,  
dames en here*

## 1. INLEIDING

Die onderrig van die joernalistiek binne kommunikasieverband het, soos die vakgebied van Kommunikasiekunde, 'n lang verlede, maar 'n kort geskiedenis. Die eerste proefskrif oor die joernalistiek het reeds in 1690 aan die Universiteit van Leipzig verskyn. Die promovendus, Tobias Peucer, het 'n kardinale element van die joernalistiek en die perswese ondersoek wat toe in sy kinderskoene was, nl. nuus (Pauw, 1980).

Onder die titel *De Relationibus Novellis* ("Oor nuwe beriggewing"), skryf hy die koerant het reeds 'n besondere effek op die samelewing, "want die begeerte om nuwe dinge te wete te kom, is só groot dat mense, so dikwels as wat hulle op straathoeke en openbare paaie vergader, die vraag vra: 'Is daar iets nuuts?', of in 'n meer moderne idioom: 'wat is nuus?'" (Pauw, 1980:7). Hierdie vraag versinnebeeld die wesenselement van die joernalistiek, naamlik dié van nuus as die pers se basiese produk. Hierdie onderwerp wat byna drie eeue gelede reeds in die praktyk en die teorie aan die orde gestel is, is vandag in die tydperk van die sg. informasie-revolusie nog net so relevant vir sowel dosent en navorser in die joernalistiek, as vir die praktiserende joernalis.

Hoe die verskynsel van nuus en verbandhoudende vrae oor die joernalistiek binne 'n universiteitskursus in Kommunikasiekunde bestudeer en onderrig moet word, is die onderwerp van vanaand se bespreking. In die kort bestek tot my beskikking, is dit nie moontlik om die totale vraag indringend te bespreek nie. Veel eerder wil ek juis op die spoor van die joernalistiek self, 'n kursoriese oorsig van die mees aktueel-kontingente sake bied. In die eerste plek word kortliks gelet op die historiese ontwikkeling van die joernalistiek as deeldisipline binne die vakgebied van Kommunikasiekunde, dan word enkele didaktiese aspekte aangestip en in die laaste afdeling word spesifieke probleemgebiede rondom nuus as joernalistieke onderrig- en praktykgerigte verskynsel bespreek.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND EN VAKONTWIKKELING

Vir die doeleindes van hierdie bespreking word net 'n kursoriese oorsig van die ontwikkelinge in drie wêrelddele gebied.

### 2.1 Wes-Europa

Met die opkoms en ontwikkeling van die koerant in die vorige eeu in Wes-Europa het daar hoofsaaklik uit die vakgebiede van die Geskiedenis, die Etiek, die

Ekonomie en die Regswetenskappe 'n inter-dissiplinêre belangstelling in die gedrukte woord as sosiale verskynsel ontstaan. Dit het uitgeloop op die daarstelling van kursusse soos *Zeitungswissenschaft* en *Publizistik* in Duitsland. Die inhoud van dié kursusse was hoogs teoreties, en dikwels evaluerend en voorskrywend van aard.

Belangrik egter is dat vroeë Duitse sosioloë, soos Max Weber en Karl Bücher, reeds in die negentiende eeu die noodsaaklike rol van die joernalistiek in die samelewing geïdentifiseer en 'n grondige universiteitsopleiding vir joernaliste bepleit het. Ook ander Duitse sosioloë, soos Albert Schäffle en Karl Knies, het aangetoon dat die joernalistiek 'n magtige instituut in die Westerse beskawing geword het (Hardt, 1979). Dit was reeds in hulle tyd 'n uiters effektiewe medium vir die skandering van samelewingsgebeure, vir die prosessering en oordrag van inligting en vir die daarstelling en bepaling van tendense (vgl. Wright, 1964).

## **2.2 Die VSA**

Die Duitse belangstelling in die pers is aan die begin van die huidige eeu in die VSA opgevolg met die instelling van universiteitskursusse in die joernalistiek. Anders as die Duitse model, was die inslag van die Amerikaanse kursusse uiters pragmaties en op die behoeftes van die perspraktik afgestem.

Met die ontwikkeling van die gedragswetenskappe in die eerste helfte van die huidige eeu, het daar 'n besondere belangstelling vir kommunikasie as menslike verskynsel in sy verskillende manifestasies, waaronder die pers en die joernalistiek, ontstaan. Talle nuwe Kommunikasiekunde-kursusse met 'n sterk sosiaal-sielkundige en/of sosiologiese benadering is ingestel. Die gevolg hiervan was dat die vakgebied van Kommunikasiekunde tot en met die sestiger- en selfs sewentigerjare 'n sterk interdissiplinêre benadering vertoon het.

## **2.3 Suid-Afrika**

Bogenoemde proses het hom ook in Suid-Afrika herhaal waar Kommunikasiekunde se aard en ontwikkeling tot groot hoogte beïnvloed is deur departementshoofde en senior dosente wat uit ander kultuur- en sosiaal-wetenskaplike rigtings hul onderrig- en navorsingsbelangstellings op die kommunikasieverskynsel gerig het. Kommunikasiekunde het inderdaad, soos die bekende Amerikaanse kommunikasiekundige Wilbur Schramm (Kline, 1972:25) dit stel, ook in Suid-Afrika op die "kruispad van die sosiale wetenskappe" beland.

Met die instelling van Perswetenskap aan die PU vir CHO in die sestigerjare en Kommunikasiekunde daarna in die sewentigerjare aan ander Suider-Afrikaanse universiteite, is die beginsel skynbaar in die teorie aanvaar dat studente beroepsgerigte opleiding sou ontvang. Die praktiek het egter getoon dat van die kursusse betreklik teoreties-esoteries van aard was met aansienlike insette uit ander vakdissiplines. Die gevolg was dat 'n taamlieke ongedurigheid by 'n groep betrokkenes (onder wie studente, lede van die perspraktiek en dosente in universiteitsdepartemente) ontstaan het oor die heuristiese moontlikhede en toepassingswaarde van Kommunikasiekunde as vakgebied. Spesifiek op die terrein van die joernalistiek is daar selfs met 'n mate van afkeuring na studente

van Kommunikasiekunde-departemente verwys as mense wat "niks kan doen nie". Daar is selfs aangevoer dat studente eerder aangestel moet word wat liefs nie oor Kommunikasiekunde as graadkursus beskik nie.

Vir die doelmatige groei en ontwikkeling van die vakgebied, wat per slot van sake ook op die behoeftes van die kommunikasiepraktyk afgestem moet wees, was dit derhalwe noodsaaklik dat die beroepsgerigte inhoud van die vakgebied, soos geïmpliseer deur die graadbenaming, B.A. (Kommunikasiekunde), dringend aandag moes kry deur dit ook toenemend professioneel te rig.

Die een oplossing sou wees om die klem in die Kommunikasiekunde-kursusse, waarvan die joernalistiek 'n onderafdeling naas verwante toegepaste terreine is, op 'n geïntegreerde wyse te laat val op die interaksie tussen die teoretiese en die praktiese kernelemente van die vakgebied. Dit kan onder meer gedoen word deur naas die fundamentele hoofvak Kommunikasiekunde, 'n tweede hoofvak aan te bied wat meer beroeps- of toepassingsgerig is. Met die oog hierop word Bedryfskommunikasie van 1984 aan die UOVS ingestel.

### **3. DIDAKTIESE UITGANGSPUNTE**

Die onderrigkomponent van die joernalistiek binne 'n departement Kommunikasiekunde behoort ingestel te wees op die ontwikkeling van drie basiese fasette, naamlik die kognitiewe (kennis), die psigo-motoriese (vaardighede) en die affektiewe (gesindhede). In die verband kan die Buro vir Universiteitsonderrig aan die UOVS se publikasie van 1979 oor dieselfde onderwerp vergelyk word.

#### **3.1 Kognitiewe faktore**

Die vakterrein van die Kommunikasiekunde ondergaan tans dinamiese en voortdurende verandering en ontwikkeling op die terrein van teoriebou. Dit is daarom noodsaaklik dat daar met buitengewone sorg aandag aan sowel die feitekennis van die vakgebied as die konseptuele faktore gegee word.

Vanweë die besondere aard van die toegepaste kommunikasieberoep, is dit noodsaaklik dat daar spesifiek gelet word op die ontwikkeling van onafhanklike en kritiese denke wat met kreatiwiteit, belangstelling en motivering in die kommunikasiepraktyk toegepas kan word.

Die uitgangspunt behoort te wees dat 'n studie van Kommunikasiekunde aan die student die grondliggende kennis en insig tuis sal bring oor die vernaamste elemente van die kommunikasieproses, dit wil sê, waar menslike kommunikasie gesien word as die deel van betekenis tussen twee of meer mense. Dit sluit in die verbreding van 'n kommunikatiewe kennisbasis en die ontwikkeling van 'n vermoë tot toepassing, analise, sintese, evaluering, antipersivering en inisiërende denke.

#### **3.2 Psigo-motoriese faktore**

Hoewel psigo-motoriese faktore (die aanleer van bepaalde vaardighede in 'n besondere vakgebied), dikwels nie as deel van die universitêre onderrigopset beskou word nie, het tye en omstandighede 'n herwaardering van dié standpunt noodsaaklik gemaak.

Gemeen aan die eise van die kommunikasiepraktyk, lê dit regstreeks op die weg van universiteitsdepartemente van Kommunikasiekunde om 'n akademies-verantwoorde integrering van teorie en praktyk te bewerkstellig. 'n Departement moet hom ten doel stel om veral intellektuele vaardighede, soos die toepassing van bepaalde tegnieke in probleemoplossing (bv. in die identifisering van nuus en die gevolglike skryf van 'n berig) as 'n besondere prioriteit in onderrig te beskou.

Hiermee gaan ook sekere elementêre vaardighede gepaard waaroor nie net potensiële joernaliste nie, maar feitlik alle beroepspersone in die kommunikasiebedrywe moet beskik. Dit sluit in 'n basiese tikvaardigheid en die vermoë om elektroniese woordverwerkingstelsels te gebruik.

### **3.3 Affektiewe faktore**

Elkeen van die kommunikasieberoepes stel besonder hoë premies ten opsigte van affektiewe faktore. Die veeleisende werksomgewing, die daarmee gepaardgaande spanning, tydsdruk, die hoë mededingingsfaktor, ongereelde ure en kritiese evaluering deur die portuurgroep, seniors en klante stel buitengewone en eiesoortige eise. Dit verg eenvoudig dat studente tydens die onderrigproses "weerbaar" gemaak moet word. In dié verband kan daarop gelet word dat aspekte soos inisiatief, toegewydheid, akkuraatheid en integriteit byvoorbeeld in 'n studie van joernalistieke vereistes besonder hoog aangeslaan is (De Beer, 1977a).

Die ontwikkeling van bepaalde affektiewe komponente moet op 'n deurlopende basis in sowel die formele as die informele klassituasie ontwikkel word. Daarom is dit noodsaaklik dat praktika so na as moontlik aan praktykvereistes gedoen word.

### **3.4 Algemene aspekte**

In die bepaling van sy doelstellings ten opsigte van joernalistieke onderrig, moet 'n departement Kommunikasiekunde ook faktore soos die volgende in berekening bring: onderrig in toegepaste werk moet op 'n individuele en/of kleingroepgrondslag plaasvind, waarvoor professioneel-geskoolde dosente nodig is. Terselfdertyd is dit noodsaaklik dat die onderrig met die gebruikmaking van toepaslike toerusting geskied.

## **4. JOURNALISTIEKE ONDERRIG EN DIE VEREISTES VAN DIE JOURNALISTIEKE PRAKTYK**

In die voorafgaande deel is 'n uiteensetting van die historiese aanloop tot, en die kommunikasiekundige uitgangspunte vir, die onderrig van die joernalistiek gegee. Vervolgens word die noodsaaklikheid van 'n teoretiese kennisbasis vir die joernalistiek bespreek, waarna sekere probleemgebiede van nuus, daardie omnibus-begrip in die joernalistiek, aan die orde gestel word.

#### 4.1 Die noodsaaklikheid van 'n teoretiese kennisbasis vir die joernalistiek

Daar bestaan 'n taamlik algemene siening, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland, dat die joernalistiek 'n groot gebrek aan 'n inherente, konsekwente en samehangende sisteem van kennis vertoon. Sommige navorsers meen dan ook dat die joernalistiek nog oor geen algemeen-erkende teoretiese verwysingsraamwerk en geen eenduidige, wetenskaplike vakliteratuur en ondersoekmetode beskik nie.

Volgens dié benadering bevind die joernalistiek hom inderdaad nog op die vlak waar hy 'n wetenskaplik-rasionele vertrekpunt tot wetenskapsvorming kortkom waardeur probleme en vrae ten opsigte van begrips- en teorievorming en uitsprake ten opsigte van daaglikse joernalistieke aktiwiteite op wetenskaplik-aanvaarde wyse gepostuleer kan word.

Vir bogenoemde standpunt oor die gebrek aan 'n teoretiese basis vir die joernalistiek is daar 'n aantal redes.

Anders as die natuurwetenskaplike wat gewoonlik teenstrydighede of onvoorspelbare bevindinge volgens ongeïdentifiseerde veranderlikes, ontoereikende kontrole, onvoldoende data, steekproeffoute en ondersoekerseffekte kan verklaar, beskik die joernalis nie oor dieselfde instrumente nie. In der waarheid moet die joernalis voortdurend worstel met wat Nilson (1979:570) die onsekerheidsbeginsel in die professies noem.

Die beginsel van kennisonsekerheid bring mee dat die joernalis voortdurend beskrywings en vertolkings in nie-wetenskaplike taal moet doen van situasies en teenstrydighede in 'n kennisraamwerk wat hom tot dubbelsinnige betekenis se leen. Hy het met 'n klassifisering en vertolking van kennis te doen wat onvoldoende is; waarin die reëls vir vertolking voorlopig en nie eksak is nie en waarin sy navorsingstegnieke vanweë aspekte soos tyd- en ruimtevereistes nie voldoende geoperasionaliseer kan word nie. Die uiteinde hiervan is dat die leser as ontvanger van die joernalis se kennisinsameling- en verwerkingsproses dikwels nie die waarborg van volkome vakkundige deskundigheid het nie. Dié probleem word vererger deurdat die hedendaagse beroepsjoernalis wel deskundig met betrekking tot die vaardighede van sy beroep kan wees, maar ondanks die toenemende proses van spesialisasie, nie noodwendig deskundig met betrekking tot die materiële objekte is waarvoor hy verslag doen nie (Wentink, 1972:86). Dit is dan juis ook om dié rede dat koerante só dikwels afgestudeerdes uit ander vakgebiede as spesialiste of minstens potensieële spesialiste in bv. die finansiële, hof- of politieke redaksie aanstel. Die feit dat Kommunikasiekunde-studente ook ander vakke tot hul krediet het en juis hul kommunikasie-kennis kan gebruik om die proses van inligtingidentifisering en -verwerking teen die agtergrond van daardie vakkennis te begryp, word nie genoeg na waarde geag nie.

Vir die onderrig van joernalistiek op teoretiese vlak, het die dosent ook met 'n verdere probleem te doen. Die aard van die joernalistiek is uiters kompleks, nie net omdat die aantal veranderlikes in die nuusproses so groot is nie, maar ook omdat die interafhanklikheid tussen al hierdie veranderlikes self 'n veranderlike is (Fauconnier, 1973:75). Die probleem is nie net tot die veranderlikes *per se*

beperk nie, maar slaan ook op die diversiteit van sosiale gebeurtenisse waarbinne die veranderlikes geleë is en wat as sodanig vir 'n wye reeks van konseptualiserings vatbaar is (McQuail, 1975:32).

Vir die onderrig van die joernalistiek hou die gebrek aan 'n grondige teoretiese fundering en koppeling met die praktyk besondere probleme in, o.m. hoe dit wat aan studente in die teorie oorgedra word, verband met die praktiese realiteit het. Hierdie probleem word vervolgens aan die hand van 'n enkele faktor, nl. nuus, bespreek.

#### 4.2 Nuusteorie en die eise van die elektroniese era

Dekades lank al bestaan die algemene neiging hier en in die buiteland onder praktiserende joernaliste om joernalistieke onderrig te wil verskraal tot die blote aanleer van bepaalde vaardighede, soos die skrywe van 'n nuusberig en die daarmee gepaardgaande vermoë om te tik.

In die joernalistieke beroepslewe is 'n joernalis wat nuus op praktykgerigte wyse kan identifiseer, evalueer en effektief skryf, sy gewig, by wyse van spreke, in goud werd. Wat die konseptueel-teoretiese grondslae van nuus is, is 'n saak waaroor weinig joernaliste hulle waarskynlik bekommer en daar is moontlik min wat hulle op abstrak-teoretiese vlak daarvoor kan verantwoord.

Oor die algemeen kan aanvaar word dat die meeste joernaliste aspekte van nuus, soos tradisionele nuuswaardes, onbewustelik aanleer en deur 'n proses van sosialisering internaliseer (Breed, 1956; Nordenstreng, 1972:396). Navorsing (Warner, 1970) toon dat joernalistieke kriteria vir die evaluering van nuus grootliks subjektief is en dat joernaliste dit moeilik vind om die kriteria wat hulle wel gebruik, te verbaliseer of te verduidelik. Onder gewone omstandighede word nuus dan ook met nie-wetenskaplike en oneksakte begrippe soos 'n *groot*, *floer* of selfs 'n *lekker storie* in die joernalistieke praktyk aangedui (vgl. De Beer, 1977b:210-217; Sellers, 1969).

Hoewel daar duidelik bewys is dat die beplanning, insameling, verwerking, verspreiding van en behoefte aan nuus as besondere vorm van informasie die laaste aantal jare op 'n tegniese-praktiese vlak geweldige vordering ondergaan het (vgl. Bagdikian, 1971; Lyle, 1967), is 'n basiese probleem vir die akademiese joernalistiek dat die wetenskaplike analise van die fundamentele meganismes van nuus nog nie tot sy reg gekom het nie (vgl. Boone, 1973:53; Tuchman, 1978).

Ondanks etlike werke wat in die laaste paar jaar in die buiteland verskyn het (vgl. byvoorbeeld Lippmann, 1966; Saxer, 1969; Cohen en Young, 1973; LeRoy en Sterling, 1973; Tuchman, 1978 en Gans, 1980), het daar in die akademiese joernalistiek nog geen algemeen aanvaarde substantief-teoretiese basis vir nuus uitgekristalliseer wat toepassing in die praktyk gevind het nie.

Die Suid-Afrikaanse literatuur bied ook min op die terrein van teorievorming (vgl. o.m. die akademies-georiënteerde werke van Snyman, 1971; Van Schoor, 1976 en ook Roelofse, 1983, en die lesings, referate en biografieë van praktiserende joernaliste soos Cillié, 1980a; 1980b; Pienaar, 1979 en Viljoen, 1953).

Die tagtigerjare van hierdie eeu het die mens egter op die vooraand van 'n ingrypend nuwe wêreld gebring wat besondere eise aan die akademiese joernalistiek stel. Die Westerse beskawing staan op die drumpel van 'n tydperk wat ongekende veranderinge in die mens se mees basiese aktiwiteit — kommunikasie — gaan veroorsaak (Williams, 1981:250). Alledaagse konsepte oor kommunikasie en inligting (die bousteen van nuus) gaan nie net omvergewerp word nie, maar die mens beweeg in die laaste twee dekades van die twintigste eeu na 'n totaal nuwe soort kommunikasiebeskawing. Alvin Toffler, wat reeds in sy *Future Shock* (1977) aangetoon het hoe hierdie nuwe kommunikasiebeskawing elke faset van die mens se lewe gaan verander, noem die nuwe tydperk die derde golf wat onherroeplik op die mens aangerol kom (*The Third Wave*, 1980). Die eerste golf was die ontdekking en toepassing van die landbou, die tweede die Industriële Revolusie, en nou die Kommunikasie-revolusie waarvan die omstandighede, aard en ontwikkeling vanweë elektroniese en inligtingstelselontwikkelinge moeilik te voorspel is (Williams, 1981:250). Hierdie ontwikkelinge gaan die pers as primêre inligtingsbron uiteraard ten diepste beïnvloed.

Vir 'n departement van Kommunikasiekunde is dit derhalwe noodsaaklik om studente op te lei wat nie net hul weg op tegniesevaardige wyse in die nuwe kommunikasiewêreld moet vind nie, maar wat inderdaad ook op konseptuele vlak 'n bydrae tot 'n beter begrip en hantering van nuwe soort kommunikasieprobleme en -uitdagings kan lewer. Gevolglik is dit ook sinryk om oor só 'n essensiële, maar tegelyk problematiese onderwerp soos nuus onderrig te gee en navorsing te doen.

### 4.3 Die begrip nuus

Die verskynsel nuus leen hom nie tot 'n maklike omskrywing nie. Nuus (vgl. ook Schramm, 1949:259) bestaan nie in die werklikheid buite die individu nie (vergelyk Molotch & Lester 1974:101-112) en is ook nie in 'n gebeurtenis of tendens *per se* geleë nie. Nuus in die Westerse opset is 'n verslag in die massakommunikasiemedie oor 'n gewoonlik aktuele, kontingente gebeurtenis wat ná (en in sommige gevalle antisiperend vóór) bepaalde gebeurtenisse of tendense tot vergestaltung kom. Nuus is nie identiek met 'n nuusgebeurtenis nie. Dit is 'n poging deur die individuele joernalis om die essensiële raamwerk van daardie gebeurtenis in 'n berig of artikel te rekonstrueer, volgens 'n bepaalde nuusbeleid gedefinieer binne 'n besondere joernalistieke verwysingsraamwerk. Hierdie verwysingsraamwerk word beïnvloed deur o.m. die koerantsoort, die tipografiese beleid, nuuswaardes, die redaksionele organisasie, die aard van mededinging van ander media, die aard en behoeftes van die lesers en die struktuur van die samelewingsverband.

Nuus is dus nie 'n eenduidige of enkeldimensionele begrip wat volgens joernalistieke tradisie bloot tot die praktiese of vaardigheidsvlak gereduseer kan word en dan maar *sito-sito* aangeleer of verwerf kan word nie. Hoewel dit moontlik tot op hede die gangbare praktyk in die joernalistiek was, verg die omstandighede van die Kommunikasie-revolusie 'n nuwe benadering. Enkele voorbeelde van die noodsaaklikheid van 'n behoorlike akademies-joernalistieke voorbereiding word vervolgens bespreek.

#### 4.4 Objektiviteit en realiteit

Byna 'n eeu lank het die joernalistiek in die Westerse wêreld, en meer spesifiek binne die Anglo-Amerikaanse konteks van gehalte-koerante, hom op die objektiviteit van sy nuusbeoordeling en -aanbieding geroem. Onder die talle joernalistieke konsepte waarmee die laaste twee dekades van die twintigste eeu tegemoetgegaan word, is daar min wat só in die branding staan as juis die joernalis se aanspraak dat sy professionaliteit geleë is in die mate waarin hy objektief oor nuus verslag doen (Janowitz, 1975:618). Die joernalis moet volgens dié tradisionele beskouing van objektiviteit as 'n onbetrokke waarnemer die nuus insamel, verwerk en weergee sodat dit konkreet en sensories verifieerbaar kan wees (Atkins, 1977:27).

Hoewel objektiviteit deur die jare ontwikkel het as die vernaamste onderskeidingskenmerk wat die joernalis in staat gestel het om op 'n beroepsmatige wyse nuus te evalueer, te skryf en aan te bied (Tuchman, 1973:123 en ook 1971/72:672), is dit opvallend dat joernaliste self bitter weinig oor die konsep van objektiviteit ondersoek gedoen of selfs net impressionisties daaroor geskryf het (Atkins, 1977:26). Objektiviteit in die joernalistiek het derhalwe nie as 'n professionele standaard *per se* ontwikkel nie, maar as 'n soort konsensie of organisatoriese imperatief waarvolgens die joernalis sy werk doen. As sodanig het dit nie 'n gedissiplineerde verwysingsraamwerk aan die algemene joernalis gebied nie en ook nie aan hom die volle geleentheid tot kritiese perspektiewe en evaluering gegee wat die kwaliteit van sy werk betref nie. Wat in werklikheid gebeur het, was dat objektiviteit as 'n roetine ontstaan het waarvolgens joernaliste *post hoc* 'n rasionaal gehad het waarvolgens hulle hul beroepsoptriede kon regverdig (Glasser & Donohue, 1978:3).

Vir die praktiese sowel as die akademiese joernalistiek bied die problematiek rondom die kwessie van objektiviteit twee kernvrae: wat behels die realiteit waarvolgens joernaliste nuusevalueringe doen en wat is die invloed en omvang van die druk waarbinne hierdie beslissings gedoen word?

Daar word tans in die Kommunikasiewetenskap en in groot dele van die praktiese joernalistiek, aanvaar dat objektiviteit as 'n positivisties-verifieerbare begrip in die joernalistiek onmoontlik is (vgl. bevindinge van Drew, 1973 en Atkins 1977). Soos Cillió (1967:5) aantoon, is die joernalistiek en sy hantering van nuus geen neutrale of objektiewe spieëlbeeld van die werklikheid soos dikwels voorgegee word nie:

“Die koerant, in sy geheel gesien, is veel nader verwant aan 'n skildery, 'n impressionistiese skildery, as aan 'n spieëlbeeld of 'n foto. Ons selekteer en aksentueer, ons kan nie anders nie.”

As sodanig is navorsingsbevindings (Rivet, 1976:96) dat 'n objektiewe joernalistiek nie moontlik is nie, of dat dit 'n blote mite is (Sigelman, 1973:133), 'n aanduiding dat die joernalis voortdurend tussen twee antagonistiese pole moet beweeg (Hemánus, 1976:102). Aan die een kant is daar die joernalis se geneigdheid om sy eie leefwêreld en dit waaroor hy verslag doen, in harmonie met sy eie waardesisteem te hou (vgl. byvoorbeeld De Fleur, 1973:155-172), en aan die ander kant word sy lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed deur die druk

van feitelike omstandighede in die werklikheid soos hulle hul voordoen binne die konteks van die sisteem waarin die joernalis werk (vgl. Snyman, 1971:248-299). Daar kan dus aanvaar word dat elke joernalis se beskouing van 'n nuusgebeurtenis net so subjektief is as die leser (hetsy redakteur of koerantlezer) se voorkeur wanneer hy daardie berig sou lees (Roshco, 1975:46). Een rede hiervoor is die feit dat die joernalistiek tot 'n groot hoogte bestaan uit die voortdurende evaluering van nuus waar keuses noodwendig gedoen moet word tussen wat uiteindelik gepubliseer sal word en wat nie (vgl. ook Rosengren, 1978:42).

Anders gestel, een van die belangrikste probleme waarmee die joernalis te doen kry, is dat hy sy begrip van realiteit met die konkrete nuusgebeure in ooreenstemming moet kan bring.

'n Basiese probleem in die proses van die rekonstruering van die nuusrealiteit deur middel van nuusberigte is die feit dat die woorde wat gebruik word om die nuusgebeure te simboliseer, arbitrêr van aard is. Soos Richards (1936:69) en ook Brooks (1978:64) dit stel, het woorde *per se* nie betekenis nie, maar kommunikeerders gee betekenis aan woorde soos bepaal deur hul eie sosiale en sielkundige samestelling en omgewing. Elke ontvanger van 'n nuusberig sal dus sy eie unieke persoonlike betekenis daaraan gee.

Vir die joernalistiek en die Kommunikasiekunde lê daar 'n uitdagende ondersoekveld voor in die moeilike en newelagtige onderskeidingsgebied van objektiewe en onbevange waarnemer aan die een kant en subjektiewe betrokke joernalis aan die ander kant. In dié verband kan daar maar net gelet word op die aandrag van Swart Suid-Afrikaanse joernaliste dat hulle eers politieke aktiviste en dan joernaliste is (Rhodes University, 1979).

Naas die vraagstuk van objektiwiteit en realiteit is daar ook 'n aantal ander nuusaspekte waar die akademiese onderrig van die joernalistiek 'n bydrae tot die praktiese joernalistiek kan lewer.

#### 4.5 Nuuswaardes

Dit het reeds 'n vaste tradisie in die perswese geword dat nuuswaardes soos tyd en afstand 'n vername rol in die evaluering van nuus speel. 'n Ou storie is geen storie nie, lui die tradisionele oordeel. Soos Christians (1981) dit stel:

"In reporting there is a premium on rapid decision rather than on extended deliberation, on response rather than reflection. The person (journalist) of action is valued; the intellectual is frequently suspect."

Christians is een van dié kommunikasie-wetenskaplikes wat aanvoer dat die joernalistiek veel eerder ingestel moet wees op die sistematiese ondersoek van substantiewe kwessies om sodoende tot 'n groter begrip van die werklikheid te kom, eerder as bv. die oppervlakkige vereiste dat inligting noodwendig voor 'n sekere tyd geprosesseer moet word. Volgens Christians (1981:64) konsentreer joernaliste só op tegniese vaardighede en vereistes dat hulle in 'n soort *instrumentalisme* verval wat 'n skans tussen hulle en die essensiële werklikheid bou. Dit is egter nie 'n nuwe aanklag teen die joernalistiek nie. Die Duitse sosioloog Albert Schäffle het reeds in 1881 geskryf (Hardt, 1979:68) dat die

tipiese joernalis net vir elke nuusdag leef, voel en dink en dikwels vanweë die instrumentalistiese vereistes van die beroep nie in staat is tot ernstige intellektuele denke nie.

#### 4.6 Nuusvoorkeure

Die kwantitatiewe evaluering van nuus is ook 'n vrugbare terrein vir joernalistieke onderrig en ondersoek. Die vraag is naamlik of dit wat joernaliste as nuus beskou, ook die lesers se keuse sou wees van wat hulle graag wil lees. Volgens Edwards (1976:15) is die ernstigste probleem wat die toekoms van die pers in die volgende twee dekades raak, die vraag oor *wat* die publiek werklik in koerante wil lees. Huidige navorsing toon dat joernaliste, anders as wat dikwels beweer word, nie altyd 'n buitengewoon goeie oordeel het oor dit wat hul lesers wil hê nie. Daar is dikwels basiese teenstrydighede in die beroepsjoernalis se beskouing van die werklikheid en sy persepsie van hoe hy meen potensiële lesers dieselfde nuusgebeure vertolk of behoort te vertolk (Bagdikian, 1974: 134).

Ondersoeke (soos dié van Johnson, 1963 en Atwood, 1970) dui daarop dat redakteurs nuusberigte anders evalueer as hul lesers. In 'n landwyse ondersoek in Amerika is bevind dat redakteurs se skatting van hul lesers se belangstelling in betrokke berigte net 11 % beter as die kansfaktor was (Atwood en Grotta, 1973).

#### 4.7 Leesgewoontes

Ongeag van wat die aard van nuus in die volgende twintig jaar mag wees, sal die toekoms van koerante tot 'n groot hoogte afhang van die vraag of mense nog hul inligting sal wil kry deur *koerante te lees*.

Ondanks die geweldige uitbreidings op elektroniese terrein in die perswese, beskou koerantmense hulle nog steeds as tipo-joernaliste eerder as elektro-joernaliste. Die feit is egter dat byna alle joernaliste binne die volgende twintig jaar waarskynlik elektro-joernaliste sal wees. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat koerante toenemend oorsakel na rekenaars waar nuus nie net deur middel van digitale impulse ingesamel en verwerk sal word nie, maar ook uiteindelik versend sal word. Terwyl lettertekens tans nog op groot skaal op papier gedruk word, dui alles daarop dat ook nuus in die afsienbare toekoms deur middel van landlyn, mikrogolwe en satelliete regstreeks na huise en kantore versend en deur tuisontvangstelle opgevang sal word. Elektroniese informasie sal dan deur middel van verskeie metodes deur die publiek waargeneem kan word, waarvan die tradisionele gedrukte woord op papier waarskynlik voor die einde van die eeu eerder die uitsondering as die reël sal wees (De Grooff, 1980).

Een van die ernstigste gevare vir die toekoms van die koerant wat hierdie elektroniese ontwikkelinge inhou, is dat die mens se vermoë en lus om die gedrukte woord te lees, toenemend kan afneem. In die finale uitgawe van die *Washington Star* skryf 'n senior redakteur, Edwin Yoder (1981:A18), dat een van die redes vir die dood van hierdie bekende instelling in die Amerikaanse hoofstad die publiek se toenemende onvermoë is om te lees. Hierdie toestand

het nie net te doen met die feit dat televisie en ander elektroniese informasie-media inligting aanskouliker as die koerant kan aanbied nie, maar veral ook omdat hierdie media toenemend tot 'n toestand van *pseudo*-kennis by die mens lei (vgl. ook Boorstin, 1971). Huidige elektroniese media soos televisie en videokassette skep die illusie van begrip sonder dat daar werklik verstaan word waaroor bepaalde sake gaan. Net omdat pres. Sadat van Egipte by wyse van spreke in 'n persoon se voorkamer op televisie sterf of pres. Reagan van Amerika in dieselfde vertrek 'n belangrike aankondiging oor wapenverskaffing in die Midde-Ooste doen, beteken nie dat 'n mens in daardie paar vlietende sekondes 'n begrip van die politieke stryd in daardie wêrelddeel opgedoen het nie. In die lig van McLuhan (1973) se konsep van *die medium is die boodskap* word die illusie egter geskep dat 'n mens nou weet.

Gekoppel aan hierdie verskynsel is daar die toenemende ontwikkeling dat kinders nie meer soos 'n dekade of wat gelede die leesgewoonte tuis aanleer nie. In der waarheid, sê Yoder (1981:A18), kan die einde van die *Washington Star* gekoppel word aan die feit dat die gewoonte van *lees met begrip* aan die uitsterf is. Dit is dus dringend noodsaaklik dat navorsing, ook binne departemente van Kommunikasiekunde, gedoen word oor hoe die leesgewoonte by die huidige en toekomstige geslagte ingeskerp en ontwikkel kan word. Die Amerikaanse *Newspaper in Education*-programme is 'n goeie voorbeeld van hoe dié toestand beredder kan word.

#### 4.8 Nuwe nuuskonsepte

As aanvaar word dat die mens van die moderne geïndustrialiseerde wêreld nuus as 'n besondere vorm van inligting vir sy daaglikse voortbestaan nodig het, is dit 'n ope vraag of die tradisionele konsepte van wat nuus veronderstel is om te wees, nog in die volgende dekades aanvaarbaar sal wees. Soos Hiebert, Ungurait en Bohn (1974:345-349) aantoon, geld dié vraag byvoorbeeld vir die tradisionele joernalistieke standpunt dat *goeie nuus* nie juis nuus is nie en dat die klem steeds op die negatiewe, die konfliktierende, die ongewone en die abnormale moet val.

Hierdie tradisie kan regstreeks herlei word na die ontwikkeling en aanvaarding van die tradisionele nuuswaarde-konsepte (vergelyk De Beer, 1977b) met die klem op aspekte soos tydigheid, die verandering van die *status quo*, die omvang van die nuusgebeurtenis en ongewoonheid. Die probleem is dat hierdie benadering daartoe gelei het dat nuus heel dikwels oppervlakkig, sketsmatig en brokgewys by die leser uitkom sodat daar nie 'n sinryke geheelbeeld van die werklikheid gekonstrueer kan word nie.

Dit is ook 'n ope vraag of die sg. *slegte-nuus-sindroom* kan voortduur. In 'n tydperk waarin die gewone mens deur 'n enorme inligtingsvloed oorval gaan word (Toffler, 1980), is dit noodsaaklik om te weet of konflik, eerder as begrip en samewerking, noodwendig die sneller vir 'n *goeie storie* moet wees.

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat daar die afgelope dekade 'n beweging onder sekere nuusteoretici is om nie net die kwessie van tradisionele nuuswaardes nie, maar ook van tradisionele nuustemas, te bevraagteken. Een van

hierdie skrywers is Burd (1970; 1973 en 1979) wat betoog dat 'n totaal nuwe herwaardering en identifisering van die moderne stadsmens se informasiebehoefte nodig is. Hy toon aan dat veral die ontwikkeling van die metropolitaanse kompleks nuwe omstandighede geskep het wat ook nuwe eise aan nuus stel. Só byvoorbeeld bevraagteken Burd (1967; 1968; 1979) die tradisionele indeling van 'n nuuskantoor met afdelings vir misdaad en howe. Hy sê die eise van die tyd verg 'n herindeling van die tradisionele nuustemas om voorsiening te maak vir afdelings soos die gerontologie, omgewingsjoernalistiek en selfs ook die toekomskunde.

## 5. SLOT

Toenemende professionalisering deur middel van die uitbreiding van die joernalistieke kennis- en teoretiese terrein en die manifestasie daarvan in die vakliteratuur waar dit vir akademiëci sowel as beroepsbeoefenaars toeganklik sou wees, is een metode om antwoorde op bogenoemde vrae te soek. Naas die uitbouing van so 'n vertrekpunt is dit dan ook noodsaaklik dat die kennisbasis en teoretiese grondslag van die joernalistiek neerslag in die onderrigsituasie en die praktyk moet kry.

Met voorafgaande is nie betoog dat die joernalistiek nie oor intellektuele leiers beskik wat oor hul beroep en sy invloed op die samelewing grondig besin nie. Net in die Afrikaanse joernalistiek kom name soos dié van P.J. Cillié, S.W. Pienaar, W.J. de Klerk en S.F. Zaïman onmiddellik na vore. Inderdaad het hierdie universiteit laasgenoemde juis met 'n ere-doktorsgraad vir sy besondere rol as versierende pers-analitikus en meningsvormer vereer. Dit gaan egter vir my om die onderrig van 'n vakgebied wat voor enorme uitdagings te staan gekom het en om die voorbereiding van jong manne en vroue vir 'n veeleisende beroep in 'n nuwe kommunikasie-tydvak. In dié verband wil ek dan afsluit met die woorde van die doyen van joernalistieke onderrig in Suid-Afrika, prof. G.S. Pienaar, emeritus-hoogleraar aan die P.U. vir C.H.O.:

"As van 'n onderwyser vir laerskoolleerlinge verwag word om professionele opleiding van minstens drie jaar te deurloop, kan seker verwag word dat mense wat tot die magtigste beïnvloedingsmedia, koerante, tydskrifte, radio en televisie, wil toetree, naas 'n deeglike algemene opleiding ook professioneel geskool word." (Pienaar, 1977:8).

*Geagte mnr. die Vise-rector,*

*Laat my toe om by hierdie geleentheid my persoonlike dank en waardering teenoor die Raad en Senaat van hierdie universiteit uit te spreek vir die vertroue wat u in my gestel het deur my aanstelling as hoogleraar in Kommunikasiekunde. Hierby wil ek voeg my opregte dank vir die meelewing, belangstelling en steun wat ek van u sedert my koms na die Bult ontvang het. U diepgelowige Christenskap en onwrikbare akademiese integriteit was vir my van meet af aan 'n besondere aansporing.*

*Aan u, geagte Dekaan, wil ek graag my waardering betuig vir u besondere begrip vir, en belangstelling in, ons vakgebied, maar veral ook vir u daadwerklike steun in velerlei opsigte.*

*Kollegas in die Departement Kommunikasiekunde, ontvang my hartlike dank en erkenning vir u onderskraging en entoegasme. Die toekoms van 'n jong vakgebied soos Kommunikasiekunde word met die insette van sulke kollegas verstewig en uitgebou.*

*Geagte dames en here studente, aan u wens ek voorspoed in die uitdagende vakgebied van Kommunikasiekunde toe. Ons is bevoorreg om saam met u die wonderwêreld van 'n nuwe kommunikasie-era te betree.*

*Aan u deur wie ek met gesins-, familie-, kollegiale en vriendskapsbande gebind is – hartlik dank, nie net vir u teenwoordigheid vanaand nie, maar vir u begrip, aanmoediging en veral uithou vermoë oor twee dekades van my betrokkenheid by die praktiese en die akademiese joernalistiek en Kommunikasiekunde.*

*Kollegas uit die praktyk, op u steun en samewerking berus die vakgebied van Kommunikasiekunde tot 'n groot hoogte. Hartlik dank vir u teenwoordigheid. Dames en here Universiteitskollegas, ook aan u is ek besondere dank verskuldig.*

## **BIBLIOGRAFIE**

- Atkins, G. (1977). In search of new objectivity. In: Sellers, L.L. & Rivers, W.L. eds. (1977). *Mass media issues*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Atwood, L.E. (1970). How newsmen and readers perceive each other's story preferences. *Journalism Quarterly*, 47, 296-302.
- Atwood, L.E. & Grotta, G.L. (1973). Socialization of news values in beginning reporters. *Journalism Quarterly*, 50, 759-763.
- Bagdikian, B.H. (1971). *The information machines – their impact on men and the media*. New York: Harper & Row.
- Bagdikian, B.H. (1974). Professional personnel and organizational structure in the mass media. In: Davison, W.P. & Yu, F.T.C., eds. (1974). *Mass communication research. Major issues and future directions*. New York: Praeger. Pp. 122-141.
- Boone, L. (1973). *Informatie: mechanismen en probleme*. Groningen: Tjeenk Willink.
- Boorstin, D.J. (1971). *The image*. New York : Antheneum.
- Breed, W. (1956). Analyzing news: some questions for research. *Journalism Quarterly*, 44, 43-52.
- Brooks, W.D. (1978). *Speech communication*. Dudaque, Iowa: Brown.
- Burd, G. (1967). Media in metropolis. *National Civic Review*, 4(2), 138-143.
- Burd, G. (1968). Urban renewal in the city room. *The Quill*, 56 (May), 12-13.
- Burd, G. (1970). Protecting the civic profile. *Public Relations Journal*, 26, 6-10.
- Burd, G. (1973). Urban magazine journalism thrives during city crisis. *Journalism Quarterly*, 50, 77-82; 108.
- Burd, G. (1979). What is community? *Grassroots Editor*, 20(1), 3-5.

- Christians C.G. (1981), Journalism ethics in a double bind. *Ecquid Novi*, 2(2), 61-68.
- Cillié, P.J. (1967). Koerante en koerantmense vir ons tyd. Ongepubliseerde referaat gelewer op 1967-03-20 aan die Universiteit van Stellenbosch in 'n lesingskursus oor die joernalistiek.
- Cillié, P.J. (1980a). Die ondersoekende plig van die pers. *Ecquid Novi*, 1(1), 8-15.
- Cillié, P.J. (1980b). The conditions for a free, vigorous, and responsible press in South Africa. *Ecquid Novi*, 1(2), 67-80.
- Cohen, S. & Young, J. eds. (1973). *The manufacture of news. Social problems, deviance and the mass media*. London: Constable.
- De Beer, A.S. (1977a). Die professionalisering van die joernalistieke koerantberoep in Suid-Afrika. *Communicatio*, 3(1), 9-14.
- De Beer, A.S. (1977b). *Nuuswaardes en nuuswaardigheid*. Johannesburg: De Jong.
- De Fleur, M.L. (1973). *Theories of mass communication*. New York: David McKay.
- De Grooff, D. (1980). *Teletekst en viewdata*. Leuven: Centrum voor Communicatiewetenschappen.
- Drew, D.G. (1973). Attitude toward a news source, expected reporter source interaction and journalistic objectivity. Unpublished Ph.D. dissertation: Indiana University, U.S.A.
- Edwards, K. (1976). Newspaper of the 80's: the obstacles ahead. *Editor and Publisher*, 109(48), 11; 15.
- Fauconnier, G. (1973). *Massamedia en samenleving. Inleiding tot de wetenschappelijke studie van de massacommunicatie*. Antwerpen: Nederlandsche Boekhandel.
- Gans, H.J. (1980). *Deciding what's news*. New York: Vintage.
- Grotta, G.L. (1974). Prosperous newspaper industry may be heading for a decline. *Journalism Quarterly*, 51, 498-505.
- Glasser, T.L. & Donohue, T.R. (1978). The consequences of objective reporting: the case of 'redlining' in Hartford. Unpublished paper: *Association for Education in Journalism*, Annual Convention, Seattle, U.S.A.
- Hardt, H. (1979). *Social theories of the press. Early German & American perspectives*. Beverly Hills: Sage.
- Hemánus, P. (1976). Objectivity in news transmission. *Journal of Communication*, 26, 102-107.
- Hiebert, R.E., Ungurait, D.F. & Bohn, T.W. (1974). *Mass Media - an introduction to communication*. New York: Longman.
- Janowitz, M. (1975). Professional models in journalism: the gatekeeper and the advocate. *Journalism Quarterly*, 52, 618-626; 662.
- Johnson, K.G. (1963). Dimensions of judgment of science news stories. *Journalism Quarterly*, 40, 315-322.

- Kline, F.G. (1972). Theory in mass communication research. In: Kline, F.G. & Tichenor, P.J. eds. (1972). *Current perspectives in mass communication research*. Beverly Hills: Sage.
- LeRoy, D.J. & Sterling, C.H. eds. (1973). *Mass news – practices, controversies, and alternatives*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Lippmann, W. (1966). The nature of news. In: Steinberg, S. (1966). *Mass media and communication*. New York: Hastings House.
- Lyle, J. (1967). *The news in megalopolis*. San Francisco: Chandler.
- McLuhan, M. (1973). *Understanding Media. The extensions of man*. London: Sphere Books.
- McQuail, D. (1975). *Communication*. London: Longman.
- Molotch, H. & Lester, M. (1974). News as purposive behaviour : on the strategic use of routine events, accidents, and scandals. *American Sociological Review*, 39, 101-112.
- Nilson, L.B. (1979). An application of the occupational 'uncertainty principle' to the professions. *Social Problems*, 26, 570-581.
- Nordenstreng, K. (1972). Policy for news transmission. In: McQuail, D. ed. (1972). *Sociology of mass communications*. Harmondsworth: Middlesex, Penguin.
- Pauw, D.A. (1980). 'Joernalistiek' in die Romeinse Ryk en daarna. *Ecquid Novi*, 1(1), 3-7.
- Pienaar, G.J. (1977). Joernalistieke onderrig — 'n toekomsbeskouing. Ongepubliseerde referaat: *Eerste Suid-Afrikaanse Konferensie oor die Onderrig van Joernalistiek*. Randse Afrikaanse Universiteit. Johannesburg. 1977-09-14.
- Pienaar, S.W. (1979). *Getuie van groot tye*. Kaapstad: Tafelberg.
- Rhodes University, Department of Journalism: *Survival of the Press Conference*. Grahamstown. 1979.
- Richards, I.A. (1936). *The philosophy of rhetoric*. New York: Oxford University Press.
- Rivet, J. (1976). Ecriture et Journaliste: de l'opinion — événement, à l'opinion. *Communication et Information*, 1(2), 75-96.
- Roelofse J.J. (1983). *Towards rational discourse: An analysis of the report of the Steyn commission of inquiry into the media*. Pretoria: Van Schaik.
- Rosengren, K.E. (1978). Vertrekking in het nuuws: methoden en begrippe. *Massa-communicatie*, 6(2), 37-47.
- Roshco, B. (1975). *Newsmaking*. Chicago: University of Chicago Press.
- Saxer, U. (1969). News and publicity. *Diogenes*, 68, 53-75.
- Schramm, W. (1949). The nature of news. *Journalism Quarterly*, 26, 259-269.
- Sellers, L. (1969). *The simple subs book*. Oxford: Pergamon Press.
- Sigelman, L. (1973). Reporting the news: an organizational analysis. *American Journal of Sociology*, 79, 132-151.

- Snyman, P.G. (1971). *Pers en leser – 'n prinsipiële voorstudie tot die persetiek*. Potchefstroom: Pro Rege.
- Toffler, A. (1977). *Future shock*. New York: Random House.
- Toffler, A. (1980). *The third wave*. London: Collins.
- Tuchman, G. (1971/72). Objectivity as strategic ritual: an examination of news-men's notions of objectivity. *American Journal of Sociology*, 77, 660-679.
- Tuchman, G. (1973). Making news by doing work: routinizing the unexpected. *American Journal of Sociology*, 79, 110-131.
- Tuchman, G. (1978). *Making news: a study in the construction of reality*. New York: Free Press.
- Van Schoor, M.B. (1976). Kommunikasieteorie: vertrekpunte. *Communicatio*, 2(1), 2-4; 16.
- Viljoen, J.M.H. (1953). *'n Joernalis vertel*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Warner, M. (1970). Decision-making in network television news. In: Tunstall, J. Ed. (1970). *Media sociology – a reader*. London: Constable.
- Wentink, T. (1972). De journalist in de dagbladorganisasie. Semiprofessionalis-me in een bureaokratische struktuur. *Massacommunicatie*, 1(2), 75-101.
- Williams, R. (1981). *Contact: human communication and its history*. London: Thamer & Hudson.
- Wright, C.R. (1964). Functional analysis and mass communication. In: Dexter, L.A. & White, D.M. eds. (1964). *People, society, and mass communications*. London: Free Press of Glencoe.
- Yoder, E.M. (1981). Reasoned dialogue of the printed word remain essential for democracy. *The Washington Star*, 1981-08-07, A18.